(7) No dependants to or for the benefit of whom a benefit is payable under Part A of Chapter II shall be paid a benefit under this regulation.

(3) Die Sekretaris kan van enige bedrag wat ingevolge hierdie regulasie aan 'n lid betaalbaar is, die bedrag aftrek van enige verlies wat die Regering volgens 'n verklaring van die Kontroleur en Ouditeur-generaal of 'n provinsiale ouditeur gelyk het as gevolg van diefstal, bedrog, nalatigheid of wangedrag aan die kant van sodanige werknemer.

*Voordele by die dood van 'n lid*

20. (1) As 'n lid voor sy uitdienstreding of ontslag sterf, word daar, behoudens die bepalings van subregulasies (3) en (7), aan of ten voordele van dié van sy afhanklikes wat die Sekretaris mag aanwys, 'n gratifikasie betaal—

- (a) as sodanige lid minder as tien jaar pensioengewende diens gehad het, gelyk aan die som van—  
 (i) 'n bedrag ooreenkomstig die formule bereken; en  
 (ii) twee persent van die bedrag betaalbaar kragtens subparagraaf (i) ten opsigte van elke jaar van sy pensioengewende diens;
- (b) as sodanige lid minstens tien jaar maar minder as vyftien jaar pensioengewende diens gehad het, gelyk aan twee maal die bedrag ooreenkomstig die formule bereken;
- (c) as sodanige lid minstens vyftien jaar pensioengewende diens gehad het, gelyk aan die som van—  
 (i) twee maal die bedrag ooreenkomstig die formule bereken; en  
 (ii) twee persent van die bedrag kragtens subparagraaf (i) betaalbaar ten opsigte van elke jaar van sy pensioengewende diens.

(2) As iemand wat op 'n jaargeld ingevolge hierdie Hoofstuk geregtig is, binne vyf jaar na die datum van sy aftrede of ontslag sterf, word daar, behoudens die bepalings van subregulasies (3) en (7), aan of ten voordele van dié van sy afhanklikes wat die Sekretaris mag aanwys, 'n gratifikasie betaal gelyk aan die totaalbedrag van die jaargeld wat vanaf die datum van sy dood tot die end van die maand waarin die bedoelde vyf jaar sou verstryk het, aan sodanige persoon betaal sou geword het as hy nie gesterf het nie: Met dien verstande dat, vir die doel van hierdie subregulasie sodanige persoon geag word te gesterf het op die laaste dag van die maand waarin hy gesterf het.

(3) Die gratifikasies in subregulasies (1) en (2) bedoel, word onder genoemde afhanklikes verdeel op die wyse wat die Sekretaris mag bepaal, en die Sekretaris kan, in die geval van ander afhanklikes as 'n weduwee van die oorlede lid of persoon, enige sodanige gratifikasie verminder in die mate wat, met inagneming van die omstandighede van sodanige afhanklikes, vir hom redelik voorkom.

(4) As 'n lid voor sy uitdienstreding of ontslag sterf en geen afhanklikes nalaat nie, word 'n bedrag ooreenkomstig die formule bereken, aan sy boedel betaal, en is daar geen verdere eis teen die Fonds nie.

(5) As 'n lid op wie die bepalings van subregulasie (6) van regulasie 13, subregulasie (3) van regulasie 15 of subregulasie (3) van regulasie 34, van toepassing is, sterf voordat die voordele wat in die toepaslike subregulasie voorgeskryf word, verskuldig en betaalbaar word, word hy vir die doel van subregulasies (1), (3) en (4) van hierdie regulasie geag op die laaste dag van sy pensioengewende diens kragtens hierdie regulasies te gesterf het.

(6) As 'n lid in subregulasie (5) bedoel, sterf nadat 'n jaargeld ingevolge die bepalings van die toepaslike in daardie subregulasie bedoel, aan hom betaalbaar word, word hy, vir die toepassing van subregulasies (2) en (3) van hierdie regulasie, geag af te getree het of afgedank of ontslaan te gewees het met ingang van die datum waarop bedoelde jaargeld aan hom betaalbaar geword het.

(7) Aan afhanklikes aan of ten voordele van wie 'n voordeel ingevolge Deel A van Hoofstuk II betaalbaar is, word geen voordeel ingevolge hierdie regulasie betaal nie.



*Payments from revenue to the fund and from the fund to revenue*

21. (1) There shall be paid out of revenue to the Fund—
- (a) at the end of each month, an amount equal to the aggregate of the current contributions which have been paid to the Fund by contributions during that month; and
  - (b) on the thirty-first day of March in every year interest at the rate of four per cent per annum on the average of the uninvested amounts in the Fund at the end of each month during the period in respect of which the interest is paid.

(2) If a contributor is retired or discharged by reason of bodily injury or permanent ill-health arising out of and in the course of his employment, or if a contributor, before his retirement or discharge, dies by reason of such an injury or such ill-health, and if a compensatory pension which is payable from revenue under the regulations made under section 5 of the Government Service Pensions Act, 1965, and published by Government Notice No. R.1929 of the 8th December, 1965, is awarded to him or his dependants in lieu of any benefits payable under these regulations and the Workmen's Compensation Act, 1941 (Act No. 30 of 1941), there shall be paid out of the Fund to revenue an amount equal to—

- (a) twice the amount calculated according to the formula; and
- (b) in respect of each completed year of his pensionable service up to and including the date of his retirement or death an amount equal to two per cent of the amount payable in terms of paragraph (a) and, in respect of the remaining portion of such service, an amount equal to a percentage of the amount so payable which bears to two per cent the same ratio as the number of days in that portion bears to three hundred and sixty-five and any amount payable in terms of this paragraph shall be deemed to be interest accrued:

Provided that the amount so payable shall be reduced by any amount which in terms of paragraph (b) of sub-regulation (2) of regulation 11 ceases to be payable to the Fund.

CHAPTER II

SPECIAL BENEFITS

*Interpretation of terms*

22. In this Chapter, unless the context otherwise indicates—

- (i) "pensionable service" means pensionable service according to the provisions of regulation 16;
- (ii) "qualifying service" means qualifying service according to the provisions of regulation 24;
- (iii) "reckonable service" means, subject to the provisions of regulation 23, service as defined in regulation 1.

*Reckonable service and pensionable emoluments*

23. (1) The reckonable service in respect of which any pension is to be calculated under this Chapter—

- (a) shall be continuous;

*Betalings uit inkomste aan die Fonds en uit die Fonds aan inkomste*

21. (1) Daar word uit inkomste aan die Fonds betaal—
- (a) aan die end van elke maand 'n bedrag gelyk aan die totaalbedrag van die lopende bydraes wat bydraers gedurende daardie maand aan die Fonds betaal het; en
  - (b) jaarliks op die een-en-dertigste dag van Maart, rente teen die koers van vier persent per jaar op die gemiddelde van die onbelegde bedrae in die Fonds aan die end van elke maand gedurende die tydperk ten opsigte waarvan die rente betaal word.

(2) As 'n bydraer afgedank of ontslaan word weens liggaamlike besering of blywende swak gesondheid wat uit en in die loop van sy diens ontstaan het, of as 'n bydraer as gevolg van sodanige besering of sodanige swak gesondheid voor sy uitdienstreding of ontslag te sterwe kom, en as 'n vergoedingspensioen wat uit inkomste betaalbaar is ingevolge die regulasies by artikel 5 van die Regeringsdienspensioenwet, 1965 gemaak en by Goewermentskennisgewing No. R.1929 van 8 Desember 1965 uitgevaardig, aan hom of sy afhanklikes toegeken word in plaas van enige voordele wat ingevolge hierdie regulasies en die Ongevalwet, 1941 (Wet No. 30 van 1941) betaalbaar is, moet daar uit die Fonds aan inkomste 'n bedrag betaal word wat gelyk is aan—

- (a) twee maal die bedrag ooreenkomstig die formule bereken; en
- (b) ten opsigte van elke volle jaar van sy pensioengewende diens tot en met die datum van sy uitdienstreding of dood, 'n bedrag gelyk aan twee persent van die bedrag ingevolge paragraaf (a) betaalbaar en, ten opsigte van die oorblywende gedeelte van sodanige diens, 'n bedrag gelyk aan 'n persentasie van die bedrag aldus betaalbaar wat in dieselfde verhouding tot twee persent staan as wat die aantal dae in daardie gedeelte tot driehonderd vyf-en-sestig staan, en enige bedrag ingevolge hierdie paragraaf betaalbaar, word geag opgeloopte rente te wees:

Met dien verstande dat die bedrag aldus betaalbaar, verminder word met enige bedrag wat ingevolge paragraaf (b) van subregulasie (2) van regulasie 11 nie meer aan die Fonds betaalbaar is nie.

HOOFSTUK II

SPESIALE VOORDELE

*Woordomskrwing*

22. In hierdie Hoofstuk, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

- (i) „pensioengewende diens” pensioengewende diens ooreenkomstig die bepalings van regulasie 16;
- (ii) „kwalifiserende diens” kwalifiserende diens ooreenkomstig die bepalings van regulasie 24;
- (iii) „rekenbare diens”, behoudens die bepalings van regulasie 23, diens soos in regulasie 1 omskryf.

*Rekenbare diens en pensioengewende verdienste*

23. (1) Die rekenbare diens ten opsigte waarvan enige pensioen kragtens hierdie Hoofstuk bereken moet word—

- (a) is ononderbroke diens;

- (b) shall not be regarded as interrupted by leave of absence or any period of suspension, or in the case of an employee to whom leave of absence cannot be granted under the law, rules or regulations relating to the conditions of his employment, by absence from duty without pay for a period not exceeding ninety days or for such longer period as the Secretary may in special circumstances allow;
- (c) shall include time spent—
- (i) on normal duty;
  - (ii) on leave of absence with full or less than full pay;
  - (iii) under suspension with full or less than full pay if followed by reinstatement in the same or another post;
- (d) shall not include any period of leave of absence or suspension without pay;
- (e) shall be continuous with the pensionable service of the employee.
- (2) If an employee was, during his reckonable service—
- (a) remunerated at weekly, daily or hourly rate of pay, his pensionable emoluments shall be assessed on the basis of the annual equivalent of such rate calculated to the nearest rand;
  - (b) on leave of absence or under suspension with less than full pay, he shall, for the purpose of calculating any pension payable under this Chapter in respect of such service, be deemed to have been paid his full pensionable emoluments during any period of such leave or suspension.

#### *Qualifying service*

24. Qualifying service shall include—
- (a) the period of the employee's pensionable service; and
  - (b) the period of his reckonable service.

---

#### PART A

---

#### BENEFITS PAYABLE IN RESPECT OF QUALIFYING SERVICE

---

#### *Certain employees excluded from this Part*

25. The provisions of this Part shall not apply to an employee of the Government appointed and employed by the Government outside the Republic or the territory with effect from a date after the thirtieth day of September, 1954, nor to the dependants of any such employee.

#### *Gratuities*

26. (1) If an employee who has had less than ten years of qualifying service and not less than one year of reckonable service, retires or is retired in terms of regulation 3 he shall be paid—

- (a) out of revenue, a gratuity calculated at the rate of one twenty-fourth of his annual pensionable emoluments on the last day of his qualifying service in respect of each completed year of his reckonable service; and

- (b) word nie geag onderbreek te wees nie deur afwesigheidsverlof of enige tydperk van skorsing, of in die geval van 'n werknemer aan wie afwesigheidsverlof nie kragtens die wet, reëls of regulasies betreffende sy diensvoorwaardes toegestaan kan word nie, deur afwesigheid van diens sonder besoldiging vir 'n tydperk van hoogstens negentig dae of vir sodanige langer tydperk as wat die Sekretaris onder spesiale omstandighede mag toelaat;
  - (c) omvat tyd deurgebring—
    - (i) in normale diens;
    - (ii) met afwesigheidsverlof met volle of minder as volle besoldiging;
    - (iii) tydens skorsing met volle of minder as volle besoldiging as die skorsing gevolg word deur herstelling in dieselfde of 'n ander pos;
  - (d) omvat nie enige tyd wat met afwesigheidsverlof of gedurende skorsing sonder besoldiging deurgebring word nie;
  - (e) is aaneenlopend met die pensioengewende diens van die werknemer.
- (2) As 'n werknemer gedurende sy rekenbare diens—
- (a) per week, per dag of per uur besoldig was, word sy pensioengewende verdienste bereken op die basis van die jaarlikse ekwivalent van sodanige besoldiging tot die naaste rand bereken;
  - (b) met afwesigheidsverlof of tydens skorsing met minder as volle besoldiging was, word hy, ten einde enige pensioen te bereken wat ingevolge hierdie hoofstuk betaalbaar is, ten opsigte van sodanige diens geag sy volle pensioengewende verdienste betaal te gewees het gedurende enige tydperk van sodanige verlof of skorsing.

#### *Kwalifiserende diens*

24. Kwalifiserende diens omvat—
- (a) die tydperk van die werknemer se pensioengewende diens; en
  - (b) die tydperk van sy rekenbare diens.

---

#### DEEL A

---

#### VOORDELE BETAALBAAR TEN OPSIGTE VAN KWALIFISERENDE DIENS

---

#### *Sekere werknemers van hierdie Deel uitgesluit*

25. Die bepalinge van hierdie Hoofstuk is nie van toepassing nie op 'n werknemer van die Regering wat buite die Republiek of die gebied deur die Regering met ingang van 'n datum ná die dertigste dag van September 1956 aangestel en in diens gehou word, en ook nie op die afhanklikes van so 'n werknemer nie.

#### *Gratifikasies*

26. (1) As 'n werknemer wat minder as tien jaar kwalifiserende diens en minstens een jaar rekenbare diens gehad het, ingevolge die bepalinge van regulasie 3 aftree of afgedank word, word aan hom betaal—

- (a) uit inkomste, 'n gratifikasie bereken teen die skaal van een vier-en-twintigste van sy jaarlikse pensioengewende verdienste op die laaste dag van sy kwalifiserende diens vir elke voltooide jaar van sy rekenbare diens; en

- (b) out of the Fund, a gratuity equal to the sum of—
  - (i) twice the amount calculated according to the formula; and
  - (ii) 2 per cent of the amount payable under subparagraph (i) in respect of each year of his pensionable service.

(2) If an employee who has had less than fifteen years of qualifying service and not less than one year of reckonable service is retired or discharged on account of ill-health occasioned without his own default, he shall be paid—

- (a) if he has had less than ten years of qualifying service—
  - (i) out of revenue, a gratuity calculated at the rate of one twenty-fourth of his annual pensionable emoluments on the last day of his qualifying service in respect of each completed year of his reckonable service; and
  - (ii) out of the Fund, a gratuity equal to the sum of—
    - (aa) the amount calculated according to the formula; and
    - (bb) 2 per cent of the amount payable under item (aa) in respect of each year of his pensionable service;

- (b) if he has had not less than ten but less than fifteen years of qualifying service—
  - (i) out of revenue, a gratuity calculated at the rate of one twenty-fourth of his annual pensionable emoluments on the last day of his qualifying service in respect of each completed year of his reckonable service; and
  - (ii) out of the Fund, a gratuity equal to twice the amount calculated according to the formula.

(3) If an employee (other than an employee to whom subregulation (4) of regulation 27 applies) who is a member of the Fund and who has had not less than one year of reckonable service, is retired or discharged owing to reorganisation or reduction of staff, he shall be paid—

- (a) out of revenue, a gratuity calculated at the rate of one twenty-fourth of his annual pensionable emoluments on the last day of his qualifying service in respect of each completed year of his reckonable service;
- (b) out of the Fund, a gratuity equal to the sum of—
  - (i) twice the amount calculated according to the formula; and
  - (ii) 2 per cent of the amount payable under subparagraph (i) in respect of each year of his pensionable service.

*Annuity and gratuity*

27. (1) If an employee who has had not less than ten years of qualifying service and not less than one year of reckonable service, retires or is retired in terms of regulation 3 he shall be paid—

- (a) out of revenue, an annuity which shall be based on the annual average of his pensionable emoluments during the last seven years of his qualifying service and which shall be calculated at the rate on 1 per cent of such average for each completed year of his reckonable service; and
- (b) out of the Fund—
  - (i) an annuity which shall be based on the annual average of his pensionable emoluments during the last seven years of his pensionable service or during the whole period of such service, whichever is the lesser period, and which shall be calculated at the rate of one ninety-sixth of such average for each year of his pensionable service; and

- (b) uit die Fonds 'n gratifikasie gelyk aan—
  - (i) twee maal die bedrag ooreenkomstig die formule bereken; en
  - (ii) twee persent van die bedrag betaalbaar kragtens subparagraaf (i) vir elke jaar van sy pensioengewende diens.

(2) As 'n werknemer wat minder as vyftien jaar kwalifiserende diens, en minstens een jaar rekenbare diens gehad het, afgedank of ontslaan word vanweë swak gesondheid wat sonder sy eie toedoen ontstaan het, word aan hom betaal—

- (a) as hy minder as tien jaar kwalifiserende diens gehad het—
  - (i) uit inkomste, 'n gratifikasie bereken teen die skaal van een vier-en-twintigste van sy jaarlikse pensioengewende verdienste op die laaste dag van sy kwalifiserende diens vir elke voltooide jaar van rekenbare diens; en
  - (ii) uit die Fonds, 'n gratifikasie gelyk aan—
    - (aa) die bedrag ooreenkomstig die formule bereken; en
    - (bb) twee persent van die bedrag kragtens item (aa) betaalbaar vir elke jaar van sy pensioengewende diens;

- (b) as hy minstens tien maar minder as vyftien jaar kwalifiserende diens gehad het—
  - (i) uit inkomste, 'n gratifikasie bereken teen die skaal van een vier-en-twintigste van sy jaarlikse pensioengewende verdienste op die laaste dag van sy kwalifiserende diens vir elke voltooide jaar van sy rekenbare diens; en
  - (ii) uit die Fonds, 'n gratifikasie gelyk aan twee maal die bedrag ooreenkomstig die formule bereken.

(3) As 'n werknemer (uitgesonderd 'n werknemer op wie subregulasie (4) van regulasie 27 van toepassing is) wat 'n lid van die Fonds is en wat minstens een jaar rekenbare diens gehad het, vanweë reorganisasie of personeelvermindering afgedank of ontslaan word, word aan hom betaal—

- (a) uit inkomste, 'n gratifikasie bereken teen die skaal van een vier-en-twintigste van sy jaarlikse pensioengewende verdienste op die laaste dag van sy kwalifiserende diens vir elke voltooide jaar van sy rekenbare diens; en
- (b) uit die Fonds, 'n gratifikasie gelyk aan die som van—
  - (i) twee maal die bedrag ooreenkomstig die formule bereken; en
  - (ii) twee persent van die bedrag kragtens subparagraaf (i) betaalbaar vir elke jaar van sy pensioengewende diens.

*Jaargeld en gratifikasie*

27. (1) As 'n werknemer wat minstens tien jaar kwalifiserende diens, en minstens een jaar rekenbare diens gehad het, ingevolge regulasie 3 aftree of afgedank word, word aan hom betaal—

- (a) uit inkomste, 'n jaargeld wat gebaseer word op die jaarlikse gemiddelde van sy pensioengewende verdienste gedurende die laaste sewe jaar van sy kwalifiserende diens en wat bereken word teen die skaal van een persent van sodanige gemiddelde vir elke voltooide jaar van sy rekenbare diens; en
- (b) uit die Fonds—
  - (i) 'n jaargeld wat gebaseer word op die jaarlikse gemiddelde van sy pensioengewende verdienste gedurende die laaste sewe jaar van sy pensioengewende diens, of gedurende die volle tydperk van daardie diens, naamlik die kortste tydperk, en bereken teen die skaal van een ses-en-negentigste van sodanige gemiddelde vir elke jaar van sy pensioengewende diens; en

- (ii) a gratuity which shall be based on the said average and which shall be calculated at the rate of 4 per cent of such average for each year of his pensionable service;

Provided that—

(aa) if the employee has had less than twenty-five years of reckonable service the annuity payable in terms of paragraph (a) shall not be less than an annuity calculated at the rate of two rand for each completed year of his reckonable service;

(bb) if the employee has had not less than twenty-five years of reckonable service, the annuity payable in terms of paragraph (a) shall not be less than an annuity calculated at the rate of three rand for each completed year of his reckonable service.

(2) If an employee's age at the date of his retirement or discharge exceeds the pensionable age by a period of one month or more and he has had not less than twenty years of pensionable service, the annuity payable in terms of subparagraph (i) of paragraph (b) of subregulation (1) shall be increased by 0.4 per cent for each completed month of such period.

(3) If an employee who has had not less than fifteen years of qualifying service and not less than one year of reckonable service is discharged on account of ill-health occasioned without his default, he shall be entitled to annuities and a gratuity calculated *mutatis mutandis* in accordance with the provisions of subregulation (1).

(4) If an employee who has had not less than ten years of qualifying service and not less than one year of reckonable service and who has attained the age of fifty-five years, is discharged owing to reorganisation or reduction of staff, he shall be entitled to annuities and a gratuity calculated *mutatis mutandis* in accordance with the provisions of subregulation (1).

(5) The provisions of subregulation (4) of regulation 18 shall *mutatis mutandis* apply in respect of any annuity or gratuity payable in terms of subregulation (4).

#### *Benefits payable on death of an employee*

28. (1) If an employee dies before his retirement or discharge, there may, subject to the provisions of subregulation (3), be paid to or for the benefit of such of his dependants as the Secretary may determine—

(a) if such employee has had less than ten years of qualifying service and not less than one year of reckonable service—

(i) out of revenue, a gratuity calculated at the rate of one twenty-fourth of the employee's annual pensionable emoluments on the last day of his qualifying service for each completed year of his reckonable service; and

(ii) out of the Fund, a gratuity equal to the sum of—

(aa) the amount calculated according to the formula; and

(bb) 2 per cent of the amount payable under (aa) in respect of each year of his pensionable service;

(b) if such employee has had not less than ten but less than fifteen years of qualifying service and not less than one year of reckonable service—

(i) out of revenue, a gratuity calculated at the rate of one twenty-fourth of the employee's annual pensionable emoluments on the last day of his qualifying service for each complete year of his reckonable service; and

- (ii) 'n gratifikasie wat op bedoelde gemiddelde gebaseer word, en wat bereken word teen die skaal van vier persent van sodanige gemiddelde vir elke jaar van sy pensioengewende diens:

Met dien verstande dat—

(aa) as die werknemer minder as vyf-en-twintig jaar rekenbare diens gehad het, die jaargeld wat ingevolge paragraaf (a) betaalbaar is, nie minder mag wees nie as 'n jaargeld bereken teen die skaal van twee rand vir elke voltooide jaar van sy rekenbare diens;

(bb) as die werknemer minstens vyf-en-twintig jaar rekenbare diens gehad het, die jaargeld kragtens paragraaf (a) betaalbaar, nie minder mag wees nie as 'n jaargeld bereken teen die skaal van drie rand vir elke voltooide jaar van sy rekenbare diens.

(2) As 'n werknemer se leeftyd op die dag van sy uitdienstreding of ontslag die pensioenleeftyd met 'n tydperk van 'n maand of langer oorskry en hy minstens twintig jaar pensioengewende diens gehad het, word die jaargeld wat ingevolge subparagraph (i) van paragraaf (b) van subregulasie (1) betaalbaar is, vermeerder met 0.4 persent vir elke voltooide maand van sodanige tydperk.

(3) As 'n werknemer wat minstens vyftien jaar kwalifiserende diens, en minstens een jaar rekenbare diens gehad het, ontslaan word vanweë swak gesondheid wat sonder sy eie toedoen ontstaan het, is hy geregtig op jaargelde en 'n gratifikasie wat *mutatis mutandis* ooreenkomstig die bepalings van subregulasie (1) bereken word.

(4) As 'n werknemer wat minstens tien jaar kwalifiserende diens, en minstens een jaar rekenbare diens gehad het en wat die leeftyd van vyf-en-veftig jaar bereik het, vanweë reorganisasie of personeelvermindering afgedank word, is hy geregtig op jaargelde en 'n gratifikasie wat *mutatis mutandis* ooreenkomstig die bepalings van subregulasie (1) bereken word.

(5) Die bepalings van subregulasie (4) van regulasie 18 is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n jaargeld of gratifikasie betaalbaar ingevolge subregulasie (4).

#### *Voordele betaalbaar by die dood van 'n werknemer*

28. (1) As 'n werknemer voor sy uitdienstreding of ontslag sterf, kan daar, behoudens die bepalings van subregulasie (3), aan of ten behoeve van dié van sy afhanklikes wat die Sekretaris mag aanwys, betaal word—

(a) as so 'n werknemer minder as tien jaar kwalifiserende diens en minstens een jaar rekenbare diens gehad het—

(i) uit inkomste, 'n gratifikasie bereken teen die skaal van een vier-en-twintigste van sy jaarlikse pensioengewende verdienste op die laaste dag van sy kwalifiserende diens vir elke voltooide jaar van sy rekenbare diens; en

(ii) uit die Fonds, 'n gratifikasie gelyk aan—

(aa) die bedrag ooreenkomstig die formule bereken; en

(bb) twee persent van die bedrag betaalbaar kragtens (aa) vir elke jaar van sy pensioengewende diens;

(b) as sodanige werknemer minstens tien maar minder as vyftien jaar kwalifiserende diens en minstens een jaar rekenbare diens gehad het—

(i) uit inkomste, 'n gratifikasie bereken teen die skaal van een vier-en-twintigste van die werknemer se jaarlikse pensioengewende verdienste op die laaste dag van sy kwalifiserende diens vir elke voltooide jaar van sy rekenbare diens; en

- (ii) out of the Fund, a gratuity equal to twice the amount calculated according to the formula;
- (c) if such employee has had not less than fifteen years of qualifying service and not less than one year of reckonable service—
  - (i) out of revenue, a gratuity calculated at the rate of one twenty-fourth of the employee's annual pensionable emoluments on the last day of his qualifying service for each complete year of his reckonable service; and
  - (ii) out of the Fund, a gratuity equal to the sum of—
    - (aa) twice the amount calculated according to the formula; and
    - (bb) 2 per cent of the amount payable under (aa) in respect of each year of his pensionable service.

(2) If any person who is entitled to an annuity in terms of this Part dies within five years after the date of his retirement or discharge, there shall, subject to the provisions of subregulation (3), be paid to or for the benefit of such of his dependants as the Secretary may determine, a gratuity equal to the aggregate amount of the annuity which would have been paid to such person from the date of his death until the end of the month in which the said five years would have expired had he not died: Provided that for the purpose of this subregulation such person shall be deemed to have died on the last day of the month in which he died.

(3) The gratuities referred to in subregulations (1) and (2) shall be allocated amongst the said dependants in such manner as the Secretary may determine and the Secretary may, in the case of dependants other than a widow of an employee, reduce any such gratuity to an extent which, having regard to the circumstances of such dependants, appears to him to be reasonable.

PART B

PENSIONS PAYABLE IN RESPECT OF RECKONABLE SERVICE

*This Part not applicable in respect of certain employees*

- 29. The provisions of this Part shall not apply—
  - (a) to an employee who is entitled to a pension in terms of Chapter I or Part A of this Chapter;
  - (b) to an employee of the Government appointed and employed by the Government outside the Republic or the territory with effect from a date after the thirtieth day of September, 1954; and
  - (c) to the dependants of any such employee.

*Gratuity or annuity*

30. (1) If an employee who has had not less than five years of reckonable service retires or is retired or discharged in terms of regulation 3 or on account of ill-health occasioned without his own default or owing to reorganisation or reduction of staff, he shall—

- (a) if his reckonable service is less than fifteen years, be paid a gratuity calculated at the rate of one twenty-fourth of his annual pensionable emoluments on the last day of his reckonable service for each complete year of his reckonable service;

- (ii) uit die Fonds, 'n gratifikasie gelyk aan twee maal die bedrag ooreenkomstig die formule bereken;
- (c) as so 'n werknemer minstens vyftien jaar kwalifiserende diens en minstens een jaar rekenbare diens gehad het—
  - (i) uit inkomste, 'n gratifikasie bereken teen die skaal van een vier-en-twintigste van die werknemer se jaarlikse pensioengewende verdienste op die laaste dag van sy kwalifiserende diens vir elke voltooidde jaar van rekenbare diens; en
  - (ii) uit die Fonds 'n gratifikasie gelyk aan die som van—
    - (aa) twee maal die bedrag ooreenkomstig die formule bereken; en
    - (bb) twee persent van die bedrag kragtens (aa) betaalbaar vir elke jaar van sy pensioengewende diens.

(2) As iemand wat op 'n jaargeld ingevolge hierdie Deel geregtig is, binne vyf jaar na die datum van sy aftrede of ontslag sterf, word daar, behoudens die bepalinge van subregulasie (3), aan dié van sy afhanklikes wat die Sekretaris mag aanwys, 'n gratifikasie betaal gelyk aan die totaalbedrag van die jaargeld wat aan sodanige persoon betaal sou gewees het vanaf die datum van sy dood tot die end van die maand waarin bedoelde vyf jaar sou verstryk het as hy nie gesterf het nie: Met dien verstande dat sodanige persoon vir die toepassing van hierdie subregulasie geag word te gesterf het op die laaste dag van die maand waarin hy gesterf het.

(3) Die gratifikasies in subregulasies (1) en (2) bedoel, word onder genoemde afhanklikes verdeel op die wyse wat die Sekretaris mag bepaal, en die Sekretaris kan, in die geval van ander afhanklikes as 'n weduwee van 'n werknemer, enige sodanige gratifikasie verminder in die mate wat, met inagneming van die omstandighede van sodanige afhanklikes, vir hom redelik voorkom.

DEEL B

PENSIOENE BETAALBAAR TEN OPSIGTE VAN REKENBARE DIENS

*Hierdie Deel nie op sekere werknemers van toepassing nie*

- 29. Die bepalinge van hierdie Deel is nie van toepassing nie op—
  - (a) 'n werknemer wat op 'n pensioen ingevolge Hoofstuk I of Deel A van hierdie Hoofstuk geregtig is;
  - (b) 'n werknemer van die Regering wat buite die Republiek of die gebied deur die Regering met ingang van 'n datum ná die dertigste dag van September 1954 aangestel en in diens gehou word; en
  - (c) die afhanklikes van enige sodanige werknemer.

*Gratifikasie of jaargeld*

30. (1) As 'n werknemer wat minstens vyf jaar rekenbare diens gehad het, ingevolge regulasie 3 of vanweë swak gesondheid wat sonder sy eie toedoen ontstaan het of vanweë reorganisasie of personeelvermindering, aftree of afgedank word, word aan hom betaal—

- (a) as sy rekenbare diens minder as vyftien jaar is, 'n gratifikasie bereken teen die skaal van een vier-en-twintigste van sy jaarlikse pensioengewende verdienste op die laaste dag van sy rekenbare diens vir elke voltooidde jaar van sy rekenbare diens;

- (b) if his reckonable service is fifteen years or more, subject to the provisions of subregulation (2), be paid an annuity calculated at the rate of one per cent of his annual pensionable emoluments on the last day of his reckonable service for each completed year of his reckonable service:

Provided that—

- (i) if the employee has had less than twenty-five years of reckonable service the annuity payable in terms of paragraph (b) shall not be less than an annuity calculated at the rate of two rand for each completed year of his reckonable service;
- (ii) if the employee has had not less than twenty-five years of reckonable service the annuity so payable shall not be less than an annuity calculated at the rate of three rand for each completed year of his reckonable service.

(2) Twenty-five per cent of any annuity payable in terms of subregulation (1) shall be converted into a gratuity on the basis of ten rand for each rand so converted.

#### *Benefits to dependants*

31. (1) If an employee who has had not less than five years of reckonable service dies before his retirement or discharge there shall, subject to the provisions of subregulation (3), be paid to or for the benefit of such of his dependants as the Secretary may determine, a gratuity calculated at the rate of one twenty-fourth of his annual pensionable emoluments on the last day of his reckonable service for each complete year of his reckonable service.

(2) If any person who is entitled to an annuity in terms of regulation 30 dies within five years after the date of his retirement or discharge, there shall, subject to the provisions of subregulation (3), be paid to or for the benefit of such of his dependants as the Secretary may determine, a gratuity equal to the aggregate amount of the annuity which would have been paid to such person from the date of his death until the end of the month in which the said five years would have expired had he not died:

Provided that for the purpose of this subregulation such person shall be deemed to have died on the last day of the month in which he died.

(3) The gratuities referred to in subregulations (1) and (2) shall be allocated amongst the said dependants in such manner as the Secretary may determine and the Secretary may, in the case of dependants other than a widow of the deceased employee, reduce any such gratuity to an extent which, having regard to the circumstances of such dependants, appears to him to be reasonable.

#### *Payment of benefits from revenue*

32. Any annuity or gratuity under this Part shall be paid out of revenue.

### CHAPTER III

#### APPLICATION OF CERTAIN PROVISIONS TO CERTAIN EMPLOYEES

33. The provisions of regulation 13 of the regulations made under section 5 of the Government Service Pensions Act, 1965, and published by Government Notice No. R.1929 of the 8th December, 1965 (as amended from time to time), shall *mutatis mutandis* apply to any employee who is not in the employ of the Government, and to the dependants of any such employee, as if such employee were, in fact, an employee of the Government as contemplated by the said regulation 13.

- (b) as sy rekenbare diens vyftien jaar of meer is, 'n jaargeld, behoudens die bepalings van subregulasie (2), bereken teen die skaal van een persent van sy jaarlikse pensioengewende verdienste op die laaste dag van sy rekenbare diens vir elke voltooide jaar van sy rekenbare diens:

Met dien verstande dat—

- (i) as die werknemer minder as vyf-en-twintig jaar rekenbare diens gehad het, die jaargeld betaalbaar ingevolge paragraaf (b), nie minder mag wees nie as 'n jaargeld bereken teen die skaal van twee rand vir elke voltooide jaar van sy rekenbare diens;
- (ii) as die werknemer minstens vyf-en-twintig jaar rekenbare diens gehad het, die jaargeld aldus betaalbaar, nie minder mag wees nie as 'n jaargeld bereken teen die skaal van drie rand vir elke voltooide jaar van sy rekenbare diens.

(2) Vyf-en-twintig persent van enige jaargeld ingevolge subregulasie (1) betaalbaar, word in 'n gratifikasie omgeskep op die basis van tien rand vir elke rand wat aldus omgeskep word.

#### *Voordele aan afhanklikes*

31. (1) As 'n werknemer wat minstens vyf jaar rekenbare diens gehad het, voor sy uitdienstreding of ontslag sterf, word daar, behoudens die bepalings van subregulasie (3), aan of ten behoeve van dié van sy afhanklikes wat die Sekretaris mag aanwys, 'n gratifikasie betaal bereken teen die skaal van een vier-en-twintigste van sy jaarlikse pensioengewende verdienste op die laaste dag van sy rekenbare diens vir elke voltooide jaar van sy rekenbare diens.

(2) As iemand wat op 'n jaargeld ingevolge die bepalings van regulasie 30 geregtig is, binne vyf jaar na die datum van sy uitdienstreding of ontslag sterf, word daar, behoudens die bepalings van subregulasie (3), aan of ten voordele van dié van sy afhanklikes wat die Sekretaris mag aanwys, 'n gratifikasie betaal gelyk aan die totaalbedrag van die jaargeld wat vanaf die datum van sy dood tot die end van die maand waarin genoemde vyf jaar sou verstryk het, aan hom betaal sou gewees het as hy nie gesterf het nie:

Met dien verstande dat vir die toepassing van hierdie subregulasie sodanige persoon geag word te gesterf het op die laaste dag van die maand waarin hy gesterf het.

(3) Die gratifikasies in subregulasies (1) en (2) bedoel, word onder die genoemde afhanklikes verdeel op die wyse wat die Sekretaris mag bepaal, en die Sekretaris kan, in die geval van 'n ander afhanklike as 'n weduwee van die gestorwe werknemer, enige sodanige gratifikasie verminder in 'n mate wat, met inagneming van sodanige afhanklikes se omstandighede, vir hom redelik voorkom.

#### *Betaling van voordele uit inkomste*

32. Enige jaargeld of gratifikasie kragtens hierdie Deel word uit inkomste betaal.

### HOOFSTUK III

#### TOEPASSING VAN SEKERE BEPALINGS OP SEKERE WERKNEMERS

33. Die bepalings van regulasie 13 van die regulasies gemaak kragtens artikel 5 van die Regeringsdienspensioenwet, 1965, en uitgevaardig by Goewernmentskennisgewing No. R.1929 van 8 Desember 1965 (soos van tyd tot tyd gewysig), is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n werknemer wat nie in die diens van die Regering is nie, en op die afhanklikes van sodanige werknemer, asof sodanige werknemer in werklikheid 'n werknemer van die Regering was, soos by genoemde regulasie 13 beoog.



## CHAPTER IV

## TRANSFER OF EMPLOYEES TO AND FROM THE SERVICE OF BANTU HOMELANDS AND OTHER NON-WHITE AUTHORITIES

*Transfers to funds administered by non-White Authorities*

## 34. (1) If an employee—

- (a) is transferred to employment in respect of which he becomes subject to a pension law administered by the Government or Representative Council of any non-White Authority established by an Act of Parliament and approved by the Minister; or
- (b) is appointed directly without a break in his service to such employment; or
- (c) is appointed to such employment after such a break in his service as the Secretary deems reasonable and necessary in the circumstances; or
- (d) without a break in his service becomes liable to contribute to a pension or provident fund under a law referred to in paragraph (a); and
- (e) in the case of a person referred to in paragraph (a), (b) or (c) becomes a contributor to a pension or provident fund under a law referred to in paragraph (a) as from the date of such transfer or appointment,

and is permitted and elects to contribute to a pension or provident fund under such law in respect of his past pensionable, qualifying or reckonable service there shall be paid to such pension or provident fund—

## (i) out of the Fund, in respect of any period of his pensionable service—

- (aa) an amount equal to twice the amount calculated according to the formula;
- (bb) in respect of each completed year of his pensionable service as a contributor to the Fund, an amount equal to two and one-half per cent of the amount payable in terms of subparagraph (aa), and in respect of the remaining portion of such service an amount equal to a percentage of the amount so payable which bears to two and one-half per cent the same ratio as the number of days in that portion bears to three hundred and sixty-five, and any amount payable in terms of this subparagraph shall for the purpose of the payment from the Fund be deemed to be interest; and
- (cc) interest at the rate of four per cent per annum, on the total of the amounts referred to in subparagraphs (aa) and (bb), compounded annually as at the thirty-first day of March and calculated from the transfer date to date of payment.

## (ii) out of revenue in respect of his reckonable service an amount equal to—

- (aa) if he has had less than ten years of qualifying service and not less than one year of reckonable service, a gratuity calculated *mutatis mutandis* in accordance with the provisions of regulation 26 (1) (a); or
- (bb) if he has had no pensionable service and his reckonable service is not less than five years but less than fifteen years, a gratuity calculated *mutatis mutandis* in accordance with the provisions of regulation 30 (1) (a); or

## HOOFSTUK IV

